21 Junie 1999

Prof W D Jonker
Chenin Blanc 29
Kleingeluk
STELLENBOSCH
7600

Liewe Willie

Ja, ek veroorloof myself 'n bietjie arrogansie, hoewel dit teen my natuur is. Ek kon gesê het "geagte" en dit sou sekerlik reg wees - ek ag jou só hoog dat ek dikwels huiwer om jou selfs op jou voornaam te noem. "Beste" is seker die aanvaarbare tussen mans, maar "beste" het etimologies verslete geraak. Daarom "liewe" omdat jy dit inderdaad is en my vrou so dikwels sê: "Watter liewe mens."

Ek het jou boek gelees ..... en baie skaam geword oor wat jou eie kerk en kerkmense gedoen het. Baie daarvan het ek reeds geweet. Van andere het ek nou eers bewus geword. En om te dink dat ek soms vir myself jammer gekry het toe ek en so 4 - 5 manne in die sestigerjare ons om wyle oom Attie van Wijk en sy medestanders geskaar het tydens die Cottesloe-tyd. Toe ons deur oom Koot en oom Kosie Gericke gekonfronteer is dat ons "afwykend" sou wees en op Kweekskool so ietwat gemarginaliseer is, was dit nie lekker nie. Ek onthou dat oom Koot my nogal bruusk toegevoeg het: "Wat wil jy vir my sê? Wil jy my leer?" Maar wat was dit en die bietjie moeilikheid by die proponentseksamen-kommissie nou in vergelyking met wat jy deurgemaak het? Ons was darem ook baie ligter in die broek as jy!

Ek wil ook vir jou baie dankie sê vir wat jy die afgelope meer as 9 jaar vir my beteken het. Omdat ek al meer bewus geword het van my onkunde aangaande die dogmatiek was ek soos 'n spons. Wat jy gesê het en geskryf het, het ek eenvoudig ingedrink en ook (vir amper die eerste keer) oor dié sake begin lees. Wat 'n wêreld het ontvou! Ek is so dankbaar. Dankie vir jou vertroue in my. Ek het tussen julle so verskriklik minderwaardig gevoel, en juis daarom probeer inhaal. Nou is ek aan die gang en verlustig ek my - al moet ek soms paragrawe wéér lees om beter te verstaan - maar ek is nou, by wyse van sprake, nog in die laerskool.

Nogmaal my hoogste waardering en dank.

Hartlike groete

ANDRÉ STRYDOM

INFORMATION SERVICE
OF THE DUTCH
REFORMED CHURCH
IN SOUTH AFRICA
D R CHURCH CENTRE, GREY'S PASS
P O BOX 930 CAPE TOWN 8000
SOUTH AFRICA
TELEPHONE 22-2595

INLIGTINGSBURO
VAN DIE NEDERDUITSE
GEREFORMEERDE KERK
IN SUID-AFRIKA
N G KERKSENTRUM, GREY'S PASS
POSBUS 930 KAAPSTAD 8000
SUID-AFRIKA
TELEFOON 22-2595